

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

300 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye, 'n Kleurinsetsel van 4 bladsye (i–iv) en 'n Antwoordblad van 4 bladsye (i–iv). Haal die Kleurinsetsel en die Antwoordblad uit die middel van die vraestel uit. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Lees die vrae noukeurig deur.
 3. **AL DRIE VRAE IS VERPLIGTEND.**
 4. Krediet word gegee vir:
 - interpretasie en verduideliking; en
 - bewys van jou persoonlike waarnemings waar dit van toepassing is op die vraag.
 5. Jy word aangemoedig om sketskaarte, diagramme en ander verklarende tekeninge te gebruik om jou antwoord, waar van toepassing, te ondersteun.
 6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
 7. Op bladsy 2 is daar 'n WOORDELYS van woorde wat verduidelik wat die woorde in **vetdruk** beteken wat in die vrae gebruik word.
 8. Kandidate moet let op die puntetoekenning. Tensy dit anders aangedui word, word twee punte vir elke geldige antwoord toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.
-

WOORDELYS


WOORD	BETEKENIS
Analiseer	Om in dele of elemente te verdeel en elkeen in detail te beskryf of te ondersoek.
Assesseer	Om die aard, vermoë of kwaliteit te evalueer.
Bepaal	Om iets te ontdek as gevolg van 'n ondersoek.
Bereken	Om iets uit te werk deur van 'n wiskundige metode gebruik te maak.
Beskryf	Om die hoofeienskappe van iets te gee; om 'n verklaring te gee. (’n Diagram of skets kan deel uitmaak van die beskrywing.)
Bespreek	Om deur middel van 'n argument die verskillende aspekte van 'n stelling te ondersoek.
Brei uit	Om in diepte oor iets te skryf en om baie aandag te skenk aan die details van die verskillende dele waaruit die geheel bestaan.
Definieer	Om die presiese betekenis van iets te gee.
Dui aan	Om aan te toon; om uit te wys.
Evalueer	Om 'n oordeel te vel of te bepaal; 'n mening uit te spreek oor 'n spesifieke saak.
Identifiseer	Om die hoofeienskappe van iets te noem.
Illustreer	Om duidelik of verstaanbaar te maak deur voorbeelde of ooreenkomste te gee; toeligting.
Kies	Om te kies; om op die korrekte antwoord te besluit uit 'n lys van moontlikhede.
Klassifiseer	Om in kategorieë of groepe te rangskik sodat dinge met gedeelde eienskappe in dieselfde groep is.
Lewer kommentaar	Om jou mening te gee of om 'n stelling te maak oor iets; om in die algemeen oor iets te skryf.
Noem	Om iets te stel; te gee of te meld.
Omskryf	Om 'n algemene verduideliking of beskrywing van iets te verskaf.
Ondersoek	Om te analiseer en te bespreek; om iets versigtig te bekyk.
Ontwerp	Om 'n proses of plan van aksie stap vir stap te beskryf.
Pas	Om soortgelyke dinge of dinge wat saam hoort, te verbind.
Sê	Om inligting of details eenvoudig, direk en gewoonweg te stel sonder om dit te bespreek.
Stel voor	Om 'n verduideliking of oplossing voor te stel deur middel van 'n plan of voorstelling.
Teken	Om deur middel van 'n skets te wys.
Verduidelik	Om duidelik of eenvoudig te maak of om seker te maak dat die leser verstaan wat gesê word.
Verken	Om in detail op iets kommentaar te lewer.
Verklaar	Om te staaf en deur 'n kort verduideliking die redes vir iets te gee.
Voorspel	Om te sê wat na verwagting gaan gebeur; om vooruit te sê wat jy dink gaan gebeur.

AFDELING A GEOGRAFIESE KWESSIES**VRAAG 1 GEOGRAFIESE GEVALLESTUDIE: DIE GEOGRAFIE VAN DIE ORANJE- / SENQURIVIER SE DREINEERBEKKEN EN DIE NOORD-KAAP****1.1 Opvanggebied en bestuur van 'n rivier**


Bestudeer Tabel 1, wat inligting oor die Oranjerivier se opvanggebied bevat, sowel as Figuur 1, 'n lengteprofiel van die Oranjerivier, en Figuur 2, 'n kaart van die Oranjerivier se dreineerbekken.

Tabel 1: Inligting van die opvanggebied van die Oranje- / Senqurivier

INLIGTING VAN DIE ORANJE- / SENQURIVIERDREINEERBEKKEN		
Grootte van die opvanggebied	1 000 000 km ² (omtrent 600 000 km ² hiervan is binne die grense van Suid-Afrika)	
Rivier se totale lengte	2 300 km	
Gemiddelde natuurlike afloop	12 biljoen m ³ Hierdie waarde kan egter baie misleidend wees aangesien die bekken nou baie ontwikkel is met die gevolg dat die huidige gemiddelde afloop wat die riviermonding by Alexanderbaai bereik, minder as die helfte van die natuurlike afloop is.	
	Oorsprong	Monding
Ligging	Lesotho Hooglande	Alexanderbaai
Hoogte bo seespieël	3 300 m	Atlantiese Oseaan
Gemiddelde jaarlikse reënval	1 800 mm	< 50 mm
Gemiddelde jaarlikse potensiële verdamping	1 100 mm	> 3 000 mm
VERDERE BELANGRIKE INLIGTING		
<ul style="list-style-type: none"> Die Vaalrivier is die grootste sytak van die Oranjerivier. Die Richtersveld is 'n gebied tussen die Augrabieswaterval en die monding van die Oranjerivier. Die Oranjerivier het 'n landskap wat miljoene jare oud is, blootgelê. Soos wat die rivier deur die Richtersveld vloei, het dit 'n <u>antesedente dreineerpatroon</u>. 		

Figuur 1: Lengteprofiel van die Oranjerivier

[Bron: Aangepas vanaf <http://www.orangesenqurak.com>>]

Figuur 2: Die opvanggebied van die Oranjerivier


[Bron: aangepas vanaf die Departement van Waterwese en Sanitasie]

- (a) **Verduidelik** die terme:
- (i) opvanggebied (2)
 - (ii) potensiële verdamping (2)
- (b) Maak gebruik van die inligting in Tabel 1 en Figuur 1 om die geskatte gradiënt van die Oranjerivier vanaf sy oorsprong tot by sy monding te **bepaal**. Wys al jou berekeninge. (4)
- (c) **Noem** een geboude knakpunt en een natuurlike knakpunt. (4)
- (d) **Verduidelik** die term verjonging. (2)
- (e) **Lewer kommentaar** op waarom die Oranjerivier nie as gegradeerd gesien kan word nie. (4)
- (f) **Beskryf**, met behulp van 'n diagram, hoe 'n antesedente (gehandhaafde / bestendige) dreineerpatroon vorm. (6)
- (g) **Assesseer** waarom die hoeveelheid reënval vanaf die oostelike deel van die opvanggebied van die Oranjerivier na die westelike deel van die opvanggebied afneem. (4)

1.2 Nedersetting en fluviale prosesse

Bestudeer Foto 1 op bladsy i van die Kleurinsetsel sowel as Figuur 3 van die nedersetting Kanoneiland hieronder.

Figuur 3: Topografiese kaart van Kanoneiland



[Uittreksel vanuit 2821 CA Kanoneiland]

- (a) **Identifiseer** en **verklaar** die vorm van die nedersetting van Kanoneiland soos te siene in Figuur 3 en Foto 1. (4)
- (b) **Beskryf** die standplaas van hierdie nedersetting. (4)
- (c) **Analiseer** of hierdie nedersetting 'n droë- of natpuntnedersetting is. (4)
- (d) **Ondersoek** waarom hierdie nedersetting as 'n *gehuggie* gesien kan word in terme van die stedelike hiërgie. (4)
- (e) **Identifiseer** die stroomkanaalpatroon van die Oranjerivier by punt A op Figuur 3. (2)
- (f) **Verduidelik** hoe die stroomkanaalpatroon by A op Figuur 3 gevorm het. (2)
- (g) **Bespreek** hoe alluviale afsettings soos dié wat by A op Figuur 3 gevind word, die groei en ontwikkeling van die plaaslike ekonomie beïnvloed het. (4)

1.3 Landbou en valleiklimate

Lees die uittreksel uit die feitelêer oor wingerdboerdery op Kanoneiland en langs die Oranjerivier in die omgewing van Upington.

Feitelêer: Kanoneiland, Upington en wyne van die Oranjerivier

- Kanoneiland, buite Upington op die Oranjerivier, is die grootste bewoonde binnelandse eiland in Suid-Afrika.
- Dit is 'n fassinerende oorstaanplek op pad na Augrabies of die Kgalagadi.
- 'n Rit tussen die wingerde, 'n spitbraai, tuisgebakte brood, verskeie tradisionele nageregte en wyne wat plaaslik geproduseer is, kan hier geniet word.
- Die naaste groot nedersetting aan Kanoneiland is Upington wat langs die Oranjerivier geleë is.
- Die hoofgewas wat tans verbou word, is duiwe – meestal sultanaduiwe vir rosyntjies (en ook Colombard vir wyn), terwyl lusern, pekanneute en katoen ook geproduseer word.
- Oranjerivierwinkelders is in Suid-Afrika – en heel moontlik die wêreld – se buitengewoonste wynproduserende streek geleë.
- 'n Groot agritoerismeindustrie het onlangs begin groei.
- Die koel mikroklimaat wat deur die rivier geskep word en die tipe grond op die walle van die rivier wat bestaan uit 'n kombinasie van alluviale afsettings, graniet, doleriet en skalie, maak dat kwaliteitdruie geproduseer kan word.



[Bron: discoversouthafrica en Country Life]

[<<https://www.sa-venues.com>>]

[<<http://www.openafrica.org>>]

- (a) **Klassifiseer** wingerdbou¹ volgens sy ekonomiese sektor. (2)
- (b) **Verduidelik** hoe die riviervallei die ligging van wingerde langs die Oranjerivier beïnvloed. (4)
- (c) **Voorspel** TWEE faktore, uitsluitend die droë klimaat, wat wingerdbou in hierdie streek sou belemmer. (4)
- (d) Vele wingerdboere in Suid-Afrika het na agritoerisme oorgeskakel. **Evalueer** hoekom landelike herontwikkeling belangrik is vir die oorlewing van landelike gemeenskappe soos Kanoneiland. (6)

¹ wingerdbou: verbouing van wingerde
IEB Copyright © 2018

1.4 Khi Solar One postapartheid ekonomieseontwikkelingsprojek

Bestudeer die infografiek in Figuur 4 oor die Khi-sonkragprojek naby Upington in die Noord-Kaap.

Figuur 4: Infografiek oor die Khi Solar One-kragstasies

Khi Solar One: die toekoms van henubare energie in Suid-Afrika

Khi Solar One is Afrika se eerste gekonsentreerde sonkragstasie (GSK). Hierdie kragstasie wat 140 hektaar beslaan en 50 megawatt krag sal produseer met behulp van 4 200 konkawe spieëls wat 'n groot area sonlig konsentreer op 'n klein area op 'n 205 meter hoë toring, is buite Upington geleë.


GSK UITSETTE IN VERGELYKING MET ANDER GROOT SPELERS:

NOTA: Hierdie sluit slegs
GSK-aanlegte in wat operasioneel
is en wat hoeveelheid krag opwek
volgens CSP World en REN21

- 1 Spanje: 2,300 MW
- 2 VSA: 900 MW
- 3 Suid-Afrika: 50 MW
- Res van die Wêreld: 175 MW
- Globale totaal: 3,425 MW



HOOGTE VERGELYK MET ANDER GEBOUE IN SUID-AFRIKA (IN METERS)




[<https://www.brandsouthafrica.com>]

- (a) **Definieer** die term hernubare energie. (2)
- (b) **Verduidelik** waarom die Noord-Kaap ideaal geleë is vir sonkrag. (4)
- (c) **Evalueer** hoe 'n postapartheid ontwikkelingstrategie soos hierdie projek tot die sosio-ekonomiese voordeel van die mense in 'n streek soos Upington sal strek. (6)

1.5 Stedelike klimate

As deel van 'n veldstudie, het jy data oor die impak van 'n stedelike hitte-eiland (SHE) op die streek rondom Kanoneiland en Upington versamel. Die grafiek hieronder (Figuur 5) toon die lesings wat op Kanoneiland en in die SSK van Upington respektiewelik versamel is. 'n Liggingkaart, Figuur 6 op bladsy i van die Kleurinsetsel, sal jou met die ligging van die twee nedersettings help.

Figuur 5: Grafiek wat die temperatuurdata vir Kanoneiland en Upington wys



Skrif 'n verslag vir die Suid-Afrikaanse Weerdiens waarin jy die bevindinge van jou navorsing bespreek. Verduidelik hoe die uitbreiding van stedelike gebiede die klimaat van 'n streek, in besonder stedelike vs. landelike gebiede, beïnvloed.

Jy moet die volgende aspekte in jou verslag bespreek:

- **Omskryf** die verskil in die waargeneemde temperatuur (landelik vs. stedelik).
- **Beskryf** moontlike oorsake van hitte in 'n stedelike gebied.
- **Evalueer** hoe die SHE die temperatuur wat in stedelike gebiede soos Upington gevoel word, vererger² het.
- **Verken** oplossings wat stedelike gebiede soos Upington kan implementeer om die effek van die SHE te verminder.

(20)

² Vererger: om ('n probleem, 'n slegte situasie of negatiewe gevoel) slegter te maak.
IEB Copyright © 2018

Nota: jy kan verwys na enige voorbeelde wat jy bestudeer het om die bespreking in jou verslag te ondersteun. Gebruik die rubriek hieronder om jou te lei in die beplanning en struktuur van jou verslag.

KRITERIA	PUNTE
Skryfvaardighede <ul style="list-style-type: none"> • Met inagneming van struktuur en voorlegging. • Gebruik kort inleiding en slotsom. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. 	5
Inhoudskennis <ul style="list-style-type: none"> • Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe. • Bly by onderwerp en onderopskrifte. 	10
Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip <ul style="list-style-type: none"> • Vermoë om te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. • Verwysing na gevallestudiemateriaal / feitêlêr / bronmateriaal voorsien. • Indien toepaslik, moet verwys word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde. 	5
Totaal vir opstel	20

100 punte

AFDELING B KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 2 MIDDELBREEDTESIKLOON, TROPIESE SIKLOON, PLAASLIKE WEER, STUDIE VAN DIE RIVIERBEKKEN, STROOMKANAAL EN KENMERKE, DROOGTE****2.1 Middelbreedtesikloon**

Bestudeer Figuur 7 op bladsy ii van die Kleurinsetsel, 'n tematiese weerkaart.

Kies die korrekte antwoord vir die gegewe stelling. Skryf die nommer en letter van die vraag sowel as die letter wat met jou antwoord ooreenstem, neer. Voorbeeld 2.1 (a) A

(a) Die stippellyne in Figuur 7 word ... genoem.

- A isobare
- B isohiëte
- C isohelle
- D isoterme

(2)

(b) Die plek waar die laagste temperature in 'n middelbreedtesikloon gevind word, is in die ...

- A koue sektor.
- B koue front.
- C warm sektor.
- D warm front.

(2)

(c) Die antisikloon wat op Figuur 7 sigbaar is, word die ... genoem.

- A Kalahari / binnelandse antisikloon
- B Suid-Atlantiese antisikloon
- C Suid-Indiese antisikloon
- D Karoo / Kaapse antisikloon

(2)

(d) Die term wat gebruik word om die verandering in die windrigting te beskryf wanneer 'n koue front in die suidelike halfgrondte verby beweeg, is ...

- A krimping.
- B ruiming.
- C dwarswind.
- D Suidooster.

(2)

(e) Die weer wat Kaapstad in die volgende 24 uur sal ondervind, sal ... wees.

- A wolkloos, warm met 'n ligte briesie
- B koel, noordwestelike wind en gedeeltelik bewolk
- C reënerig, met 'n sterk suidoostelike wind
- D donderstorms, met stormsterk wind

(2)

2.2 Tropiese siklone

Bestudeer Figuur 8, 'n weerverslag van eNCA, op bladsy ii van die Kleurinsetsel.

- (a) **Identifiseer** punt A op Figuur 8. (2)
- (b) **Noem** twee faktore wat tot die vorming van Dineo bygedra het. (4)
- (c) **Sê** wat die benaderde windspoed in km/h by Inhambane en Vilanculos respektiewelik was. (2)
- (d) **Evalueer** waarom die inwoners van Inhambane se ervaring van Dineo erger sou gewees as wat die mense in Vilanculos s'n sou gewees het. (4)
- (e) **Evalueer** waarom storms soos Dineo so vernietigend vir lande soos Mosambiek is. (6)

2.3 Plaaslike weer

Bestudeer die twee twiets in Figuur 9A en Figuur 9B hieronder, sowel as die sinoptiese weerkaart (Figuur 10 op bladsy 12) rakende die weer oor die oostelike deel van Suid-Afrika op 9 en 10 Oktober 2017.

Figuur 9A




Figuur 9B



[Bron: Twitter, Oktober 2017]

Figuur 10: Sinoptiese weerkaart vir 9 Oktober 2017 (die stippellyn wys die vogfront)




[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

- (a) **Noem** 'n verskynsel op die sinoptiese weerkaart wat veroorsaak dat lyndonderstorms vorm. (2)
- (b) **Illustreer** op die dwarsdeursnit van Suid-Afrika wat op bladsy i van die Antwoordblad voorsien is, hoe donderstorms oor die binneland van Suid-Afrika vorm.
- Sluit die volgende op jou diagram in:
- **Verduidelik** hoe hael in hierdie lyndonderstorms vorm.
 - **Illustreer** waarom hierdie donderstorms aan die oostelike kant van die vogfront vorm. (8)
- (c) **Teken** 'n weerstasiesimbool om die moontlike weerstoestande in Durban tydens 'n afsnylaag te beskryf. (6)
- (d) **Verken** hoe die wanbestuur van stedelike vloedwateraflooppype in Durban en Johannesburg die effek van vloedepisodes in hierdie stede sou vererger het. (4)

2.4 Dreineerstelsels in Suid-Afrika




Bestudeer Figuur 11 hieronder, 'n kaart van die dreineerbekken van die Wilgerivier in die Vrystaat, Suid-Afrika, en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Figuur 11: Die dreineerbekken van die Wilgerivier



[Bron: kaart geproduseer met GIS]

- (a) **Kies** die onderstreepte term of terme om die stelling korrek te voltooi. Skryf slegs die nommer van die vraag en die korrekte term neer. Byvoorbeeld: (i) Water.
- (i) Die waterskeiding by A, is die Waterberg / Magaliesberg / Drakensberg. (2)
- (ii) Die fluviale proses wat heel waarskynlik by B sal voorkom, is vervoer / afsetting / laterale erosie. (2)
- (iii) Die fluviale kenmerk aangedui deur die stippellyn C is 'n tussenrivierse gebied / moeras op vloedvlakte / samevloeiing. (2)
- (iv) Die dreineerpatroon van die Wilgerivier is dendrities / tralievormig / parallel. (2)
- (b) Bestudeer die drie hidrogramme hieronder.



- (i) Kies die hidrogram wat die beste by die Wilgerivierstelsel **pas**. (2)
- (ii) **Verklaar** jou antwoord op Vraag 2.4 (b) (i). (4)
- (iii) **Verduidelik** hoe stedelike spreiding in dorpe soos Harrismith en Bethlehem die afloop en vertragingstydperk van 'n hidrogram beïnvloed. (4)
- (iv) Die Wilgerivier is die rivier wat grotendeels die Vaaldam van water vanaf die Lesotho Hoogland-waterskema voorsien. **Breï uit** op die belang van dreineerbekkenbestuurskemas soos die Lesotho Hoogland-waterskema vir die inwoners van Johannesburg en nywerhede in die omgewing. (6)

2.5 Stroomkanaal, fluviale proses en fluviale kenmerke


Bestudeer Foto 2, 'n riviervallei in Mpumalanga, op bladsy iii van die Kleurinsetsel.

- Noem** die stadium van die rivier waar hierdie stroomkanaal heel waarskynlik gevind sal word. (2)
- Identifiseer** die aard van die vloei van die rivier in die stroomkanaal. (2)
- Identifiseer** die fluviale kenmerk wat in die foto te siene is. (2)
- Verduidelik** hoe die fluviale kenmerk wat jy in Vraag 2.5 (c) geïdentifiseer het, gevorm is. (4)
- Identifiseer** die tipe vervoer wat op hierdie stadium van 'n rivier sal plaasvind. (2)
- Beskryf** die toestande waaronder 'n rivier 'n lading, soos te siene in Foto 2, sou vervoer. (4)

2.6 Damme en droogte

Bestudeer die infografiek van die damvlakke in die Wes-Kaap in November 2017 hieronder.

Figuur 12: Infografiek van damvlakke in die Wes-Kaap



[Bron: <capetown.gov.za>]

- Definieer** die term watersekerheid. (2)
- Bereken** die afname in persentasie tussen 2016 en 2017. (2)
- Ontwerp** jou eie infografiek op bladsy ii van die Antwoordblad in die spasie daarvoor toegelaat. In die infografiek moet jy die volgende verken:
 - die gevolge van die waterskaarste in Kaapstad
 - moontlike oplossings vir die waterkrisis in Kaapstad
 (8)

100 punte

**AFDELING C LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN
EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA**

**VRAAG 3 LANDELIKE NEDERSETTINGS, VERSTEDELIKING,
INFORMELE NEDERSETTINGS, STEDELIKE FUNKSIES,
ONTWIKKELING VIR GEMENGDE GEBRUIK EN
GENTRIFIKASIE, GRONDHERVORMING, EKONOMIESE
SEKTORE, GAUTENG, DIAMANTONTGINNING**

3.1 Landelike nedersetting

Bestudeer die nedersetting, 'n landelike nedersetting in KwaZulu-Natal, wat op Foto 3 op bladsy iii van die Kleurinsetsel omkring is.

- (a) Kies die woorde wat by die beskrywing van die nedersetting in Foto 3 pas. Skryf slegs die nommer van die vraag en die korrekte term in jou Antwoordboek neer, bv. (i) Huis.

(i)	Patroon	gekernde	geïsoleerde	verspreide
(ii)	Vorm	kruispad	rond	lineêr
(iii)	Tipe	plaasopstal	dorpie	klein plattelandse dorp
(iv)	Tipe boerdery	intensief kommersieël	ekstensief kommersieël	bestaans-

(8)


- (b) "Met hoër vlakke van ontwikkeling, word dit al hoe moeiliker om te onderskei tussen stedelik en landelik." **Assesseer** die geldigheid van hierdie stelling.

(6)

3.2 Verstedeliking

Bestudeer die grafiek in Figuur 13 hieronder wat die Afrika-stede wat die vinnigste groei, se uurlikse groei aandui.

Figuur 13: Grafiek van die stede in Afrika wat die vinnigste groei



- Bereken** die daaglikse groei van die bevolking van Johannesburg. (2)
- Omskryf** TWEE oorsake van die vinnige groei van hierdie stede. (4)
- Assesseer** die voordele wat migrante in hierdie stede kan ondervind. (6)

3.3 Informele nedersetting

Bestudeer Foto 4 van 'n tipiese informele nedersetting in Suid-Afrika op bladsy iii van die Kleurinsetsel.

- Gee EEN bewys vanaf Foto 4 om te **omskryf** hoe jy weet dat hierdie 'n informele nedersetting is. (2)
- Identifiseer** EEN infrastrukturele diens wat aan die mense wat in hierdie nedersetting bly, gelewer word. (2)
- Verken** sommige van die struikelblokke waarmee mense in 'n informele nedersetting in Suid-Afrika op 'n daaglikse basis te doene kry. (4)

3.4 Stedelike funksies

Foto 5, op bladsy iv van die Kleurinsetsel, wys drie verskillende besighede, A tot C, wat langs mekaar op 'n straathoek staan.

- (a) **Dui aan** watter besigheid, A, B of C, die laagsteorde-goedere van al die besighede op Foto 5 sal hê. (2)
- (b) **Ondersoek** watter besigheid, A, B of C, die grootste invloedseer sal hê. (4)
- (c) **Analiseer** of die ligging van hierdie besighede die gevolg van funksionele gerief of funksionele magnetisme is. (4)

3.5 Ontwikkeling vir gemengde gebruik en stedelike vernuwing

Lees die volgende artikel en bestudeer Foto 6 onder die artikel. Beide handel oor 'n nuwe ontwikkeling in die stadskern.

Feiteleër: Kaapstad se nuwe stedelike leefstyl

'n Nuwe toepassing vir rekenaars is vrygestel wat die skaal en omvang van Kaapstad se nuwe R8 miljard-buurt, Harbour Arch, beter weergee.

Harbour Arch is geskoei op 'n bestaande projek in die noordelike deel van Johannesburg – Melrose Arch. Dit sal ongeveer 'n dekade neem om te voltooi en 'n beraamde belegging van ongeveer R8 miljard sal betrokke wees.

Wanneer dit voltooi is, sal Harbour Arch, wat 5,8 hektaar beslaan, 'n buurt op sy eie wees. Dit sal baie soos Melrose Arch wees en sal die tuiste wees van sewe individuele toringblokke met 'n totaal van 200 000 vierkante meter bruikbare ruimte – wat dit die eerste en grootste ontwikkeling van gemengde gebruik in Kaapstad se SSK sal maak.

Fase 1 van die residensiële aspek van die projek het reeds begin, terwyl 'n vennootskap met 'n hotelgroep ook al aangekondig is.

[Bron: <<https://businesstech.co.za>>]

Foto 6: 'n Kunstenaar se weergawe van die ontwikkeling van Harbour Arch in die SSK van Kaapstad



[Bron: <<https://businesstech.co.za>>]

- (a) **Verduidelik** die volgende terme:
- (i) ontwikkeling vir gemengde gebruik (2)
 - (ii) buurt (2)
- (b) **Bespreek** sommige van die sosio-ekonomiese gevolge van 'n nuwe stedelike ontwikkeling soos Harbour Arch. (6)

3.6 Grondhervorming

Bestudeer die spotprent oor die grondhervormingsprogram in Suid-Afrika in Figuur 14 hieronder.

Figuur 14: Spotprent oor grondhervorming in Suid-Afrika




[Bron: <<https://www.farmersweekly.co.za>>]

Gebruik die vloeidiagram op bladsy iii van die Antwoordblad om te **analiseer** hoe die grondhervormingsproses tans in Suid-Afrika werk. Lig sekere van die kwessies met die huidige proses uit. (8)

3.7 Struktuur van die ekonomie en die informele sektor

Bestudeer die grafiek (Figuur 15) hieronder wat die internettoegang in Soweto en Sandton in Gauteng weergee.

Figuur 15: Internettoegang in Soweto en Sandton in Gauteng




[Bron: Aangepas vanaf Gauteng City Region Observatory]

- (a) **Noem** die ekonomiese sektor waarin 'n internetverskaffer val. (2)
- (b) **Verklaar** die verskil in die internetgebruik tussen Sandton en Soweto. (4)
- (c) *"Die verkope van simkaarte en mobiele data het 'n steunpilaar van die informele sektor in Soweto geword."*
 - (i) **Verduidelik** wat die informele sektor is. (2)
 - (ii) **Bespreek** waarom simkaarte en mobiele data produkte is wat maklik deur mense in die informele sektor verkoop word. (4)

3.8 Gauteng

Bestudeer die infografiek (Figuur 16) hieronder waar die huidige Gautengse Provinsiale Regering se ontwikkelingsplanne gewys word.

Figuur 16: Gauteng se ontwikkelingskorridors



[Bron: The Citizen]

Voltooi die breinkaart op bladsy iv van die Antwoordblad deur die nywerheidsgebied van Gauteng onder die volgende punte te **beskryf**.

- Vernaamste nywerhede
- Faktore wat die ontwikkeling van nywerhede begunstig
- Faktore wat die ontwikkeling van nywerhede belemmer
- Aspekte wat tot toekomstige ekonomiese groei bydra

(12)

3.9 Diamantontginning

Bestudeer Figuur 17, 'n infografiek op bladsy iv van die Kleurinsetsel, oor die toestand van diamantontginning oor die wêreld sedert 2007.

- (a) **Verduidelik** die volgende konsepte:
- (i) spitsproduksie (2)
 - (ii) kimberliet (2)
- (b) **Identifiseer** die grootste diamantproduseerder in Afrika. (2)
- (c) **Verklaar** die vinnige toename in die diamantproduksie tussen 1980 en 2005. (4)
- (d) **Stel** TWEE redes **voor** vir die stabilisering in diamantproduksie sedert 2010. (4)

100 punte

Totaal: 300 punte